

3 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 9:1-17**

**Fokusgedeelte: Matteus 9:14-17**

### **Die Bruidegom het aangekom!**

Beoefen jy 'n Ou-Testamentiese of Nuwe-Testamentiese godsdiens? Dit klink dalk na 'n vreemde vraag, maar dit is presies waarom dit in hierdie gedeelte gaan!

Johannes die Doper was die laaste profeet van die Ou-Testamentiese bedeling. As profeet van die Ou-Testamentiese bedeling het hy bekering en reformasie gepreek. Hy leer dat dit nie oor die rituele en oppervlakkige godsdiens gaan soos die Fariseërs die Ou Testament verteken het nie, maar dat die harte voor God besny moet wees (Jer. 31:31 vv). Hy preek reformasie! Maar hy is ook die laaste profeet van die Ou-Testamentiese bedeling. Nie hy of sy dissipels weet dit egter nie. Johannes is gevange geneem en sy lewe word deur Herodus en Herodias bedreig. Sy dissipels gaan na Jesus en konfronteer Hom: “Ons (en selfs die Fariseërs) vas, maar U en u dissipels vier fees. Versataan U nie die erns van die tye waarin ons leef nie?”

Die geleentheid vir Jesus se feestelikheid is die roeping van Matteus – hy reël 'n ete waar hy Jesus aan sy vriende voorstel. Hulle het iemand ontdek wat vir hulle leer dat hulle by God aanvaarbaar is. Dit is 'n groot vreugde. Die Bruidegom is hier! Dit is nie tyd vir vas nie, maar vir vreugde. En dan gebruik Jesus hierdie twee baie bekende beelde – nuwe lap en ou klere en nuwe wyn in ou sakke – om te verduidelik: Hoe groot Johannes ook al is as Ou-Testamentiese profeet, daar breek met Jesus se geboorte 'n nuwe bedeling aan! Daar kan nie weer teruggegaan word na die Ou-Testamentiese manier van aanbidding nie, want alles in die Ou Testament het na die Bruidegom, die Messias, vooruitgewys. En Hy is nou hier. Daarom moet die Ou-Testamentiese bedeling nie “gelap” word nie, maar word daar nuwe wyn in nuwe sakke gegooi! Die godsdiens word nie meer beoefen met offers wat vooruitwys nie, maar is nou om met “nuwe lap” die bruiufskleed vir die bruilof van die Lam gereed te kry!

As ons in 'n godsdiens vasval wat gaan oor moets en moenies, dan probeer ons nog reformeer na die Ou Testament toe! Laat ons dan nie meer op dié manier probeer om aanvaarding by God te soek nie, maar laat ons staatmaak enkel en alleen op die offer van die Bruidegom. In Hom het die nuwe bedeling realiteit geword!

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Dr. AJ Krüger (Benoni)